Matzikama, South Africa

Verordening insake handelsdae en -ure van drank

Legislation as at 7 Desember 2012

Nota: This Verordening was **repealed** on 2014-12-12 by Development Fund Appropriation (1966) Act (Wet 6 van 1966).

There may have been updates since this file was created.

PDF created on 11 Maart 2025 at 08:21.

Collection last checked for updates: 7 Maart 2025.

Sien aanlyn

Oor hierdie versameling

Die wetgewing in hierdie versameling is weergegee soos dit oorspronklik in die Staatskoerant gedruk is, met verbeterde formatering en met geringe tipografiese foute wat reggestel is. Alle wysigings is direk op die teks toegepas en geannoteer. 'n Skandering van die oorspronklike koerant van elke stuk wetgewing (insluitend wysigings) is beskikbaar vir verwysing.

Hierdie is 'n gratis aflaai van LawLibrary en word aangebied in samewerking met die African Legal Information Institute, die Judicial Institute for Africa en die Laws.Africa Legislation Collection, 'n versameling van Afrika-wetgewing wat deur Laws.Africa gedigitaliseer en gratis beskikbaar gestel word.

www.lawlibrary.org.za | info@lawlibrary.org.za

www.laws.africa | info@laws.africa

FRBR URI: /akn/za-wc011/act/by-law/2012/liquor-trading-days-hours/afr@2012-12-07

There is no copyright on the legislative content of this document.
This PDF copy is licensed under a Creative Commons Attribution 4.0 License (CC BY 4.0). Share widely and freely.

Verordening insake handelsdae en -ure van drank
Contents

1. Woordomskrywings 1
2. Doel van verordening 3
3. Toepassing van verordening 4
4. Publieke deelname en pligte van die Munisipaliteit 4
5. Handelsdae en -ure vir die verkoop en gebruik van drank op gelisensieerde persele 5
6. Handelsdae en -ure vir die verkoop van drank vir gebruik vanaf gelisensieerde persele 5
7. Oorgangsbepalings 5
8. Plaasvervangende aanspreeklikheid 5
9. Appèl 5
10. Strafbepalings 6
11. Herroeping 6
12. Kort titel en inwerkingstreding 6
SKEDULE 6

Repealed

Matzikama
South Africa

Verordening insake handelsdae en -ure van drank

Published in Western Cape Provincial Gazette 7067 on 7 Desember 2012

Inwerking getree op 7 Desember 2012

[Hierdie weergawe van die relevante dokument vind toepassing vanaf 7 Desember 2012 en is insluitend van enige verdere wysigings gepubliseer tot en met 7 Maart 2025.]

Herroep deur Development Fund Appropriation (1966) Act(Wet 6 van 1966) op 12 Desember 2014

Om voorsiening te maak vir die beheer van ondernemings wat drank aan die publiek verkoop ten einde ’n veilige en gesonde omgewing in Matzikama munisipale area te verseker; om voorsiening te maak vir die handelsdae en -ure van drank deur gelisensieerde ondernemings wat drank aan die publiek verkoop en om voorsiening te maak vir sake wat daarmee verband hou.

NADEMAAL ’n Munisipaliteit in terme van Artikel 156(1)(a) saamgelees met Deel B van Bylae 5 van die Grondwet van die Republiek van Suid-Afrika, 1996, die uitvoerende gesag het om ondernemings wat drank aan die publiek verkoop, te beheer;

NADEMAAL ’n Munisipaliteit, in terme van Artikel 156(2) van die Grondwet, verordeninge kan uitvaardig en administreer vir die doeltreffende administrasie van sake waaroor dit die reg het om te administreer;

NADEMAAL ’n Munisipaliteit, in teme van Artikel 11(3)(m) van die Plaaslike Regering: Munisipale Stelsel Wet, 2000 (Wet 32 van 2000), verordeninge mag aanvaar en besluite neem;

NADEMAAL dit die voorneme van die Munisipaliteit is om handelsdae- en ure vir alle gelisensieerde persele, besighede of afsetpunte geleë in die Matzikama munisipale area wat drank aan die publiek in terme van Artikel 59(2) van die Wes-Kaapse Drankwet, 2008 (Wet 4 van 2008) verkoop, in te stel;

WORD DIT DUS NOU soos volg deur die Raad van Matzikama Munisipaliteit verorden:

1. Woordomskrywings

(1) In hierdie verordening, tensy die konteks anders aandui, beteken:

"**aangewese drankbeampte**" ’n persson was as sodanig in terme van Artikel 73(1) van die Wet aangewys is;

"**Appèltribunaal**" ’n Appèltribunaal wat in terme van Artikel 20(1) van die Wet ingestel is;

"**beampte**" enige persoon wat deur die Owerheid gemagtig is om die funksie van ’n beampte ingevolge hierdie verordening uit te voer en sluit in enige lid van die Suid-Afrikaanse Polisiediens en enige persoon wat aangestel is in terme van die Wet;

"**drank**" drank soos in Artikel 1 van die Wet omskryf;

"**Dranklisensie-tribunaal**" die Drank Tribunaal soos in Artikel 1 van die Wet omskryf;

"**gaste akkommodasie instelling**" ’n perseel wat gebruik word as tydelike verblyf akkommodasie, insluitend die verskaffing van maaltye, vir verbygaande gaste teen vergoeding, en sluit in ’n “backpackers lodge”, ’n bed-en-ontbyt instelling, ’n gastehuis en ’n gaste-plaas of -loseerplek asook fasiliteite vir besigheidsvergaderings, konferensies, gebeutenisse of opleidingsessies van inwonende gaste, maar sluit ’n hotel uit;

Repealed

"**geregistreerde perseel**" ’n perseel waarop of van waar ’n lisensiehouer sy of haar besigheid bedryf;

"**gesoneer**" gesoneer en sonering wat ook al die geval mag wees in terme van die toepaslike soneringskema of enige toepaslike wetgewing en "sonering" ’n ooreenstemmende betekenis;

"**hotel**" ’n eiendom wat as tydelike residensiële akkommodasie vir verbygaande gaste gebruik word waar verblyf of etes teen vergoeding verskaf word, en sluit in:

(a) ’n restaurant of restaurante wat deel vorm van ’n hotel;

(b) konferensie- en vermaaklikheidsfasiliteite wat ondergeskik en aanvullend is tot die dominante gebruik van ’n perseel vir ’n hotel;

(c) ’n perseel wat gelisensieerd is om alkoholiese verversings te verkoop vir verbruik op die eiendom, maar sluit uit ’n buite-verbruik fasiliteit, ’n gastehuis akkommodasie-instelling, ’n woonhuis of ’n wooneenheid;

"**handelsdae**" die dae waarop drank gedurende besigheidsure verkoop mag word;

"**handelsure**" die ure waartydens drank op handelsdae verkoop mag word;

"**kamerdiens fasiliteit**" ’n mini-bar of ’n selfhelp-fasiliteit of die verbruik van drank in gastekamers en die skakel-diens vir inwonende gaste;

"**kleinhoewe of landelike gebied**" ’n area wat hoofsaaklik Landbou gesoneer is of enige ander soortgelyke sonering, met die doel om kleiner landelike eiendomme te akkommodeer wat vir landboudoeleindes gebruik word, maar ook hoofsaaklik as plekke van verblyf in ’n meer plattelandse of landelike omgewing gebruik mag word;

"**landbou gesoneerde areas**" ’n area wat hoofsaaklik vir landbou gesoneer is of enige ander soortgelyke sonering, met die doel om landbou aktiwiteite op ’n plaas as ’n belangrike ekonomiese-, omgewings- en kulturele hulpbron te bevorder en te beskerm, waar beperkte voorsiening gemaak is vir nie-landbou gebruike om die geleentheid aan eienaars te verskaf om die ekonomiese potensiaal van hul eiendomme te verhoog, sonder dat dit ’n betekenisvolle negatiewe impak op die primêre landbou hulpbron veroorsaak;

"**lisensiehouer**" enige persoon wat gelisensieer is om drank in terme van die Wet te verkoop en sluit in enige gelisensieerde perseel, besighede, afsetpunt of grondgebruik aktiwiteit van waar drank verkoop word;

"**Matzikama Munisipaliteit**" die Matzikama Munisipaliteit wat deur die Instellingskennisgewing soos gepubliseer met Provinsiale Kennisgewing No 481 van 2000, soos gewysig, ingestel is en "Munisipaliteit" ’n ooreenstemmende betekenis;

"**nywerheid sones**" ’n area wat hoofsaaklik as nywerheid gesoneer en alle tipe nywerhede akkommodeer, maar sluit nie skadelike of gevaarlike handelsrisiko-aktiwiteite in nie;

"**Owerheid**" die Wes-Kaapse Drankowerheid deur Artikel 2(1) van die Wet ingestel;

"**perseel**" sluit in enige plek, grond, gebou of oordrag of enige deel daarvan wat geregistreer is of wat in die proses is om geregistreer te word om met drank handel te dryf;

"**plaaslike besigheid of sakegebied omgewing**" ’n area wat hoofsaaklik vir plaaslike besigheid of gemengde gebruik of enige ander soortgelyke sonering gesoneer is, met die doel om lae digtheid kommersiële en gemengde gebruik ontwikkeling te akkomodeer wat plaaslike behoeftes ten opsigte van geriefsgoedere, persoonlike diens of kleinskaal besighede bedien of dien as ’n skeidingsvlak tussen algemene besigheids-, nywerheids- en aangrensende residensiële areas;

"**plek van vermaak**" ’n plek wat hoofsaaklik vir kommersiële vermaak gebruik word en wat relatief groot getalle mense kan lok, buite die normale werksure bedryf word of geraas weens musiek of luidrugtigheid op ’n gereelde basis veroorsaak, en sluit in ’n bioskoop teater, pretpark, danssaal, gimnasium, wedderyfasiliteit, dobbelsaal, “karaoke bar” en nagklub;

"**residensiële area**" 'n area wat hoofsaaklik Residensieel 1, 2 of 3 gesoneer is of enige ander soortgelyke sonering, met die doel om oorwegend enkel-families in die lae- en medium digtheid woonbuurte te akkommodeer, sowel as hoër digthede huisvesting wat insluit beheerde geleenthede vir werk by die huis, addisionele wooneenhede en lae intensiteit ontwikkeling van gemengde gebruik;

"**sakeperseel**" 'n eiendom waarop 'n besigheid bedryf word en mag insluit 'n restaurant, kroeg, bar of taverne of 'n ander gebou met soortgelyke gebruike, maar sluit uit 'n plek van vermaak, gaste akkommodasie-instelling, hotel, sport- en gemeenskapsklub;

"**sake gesoneerde areas**" 'n area wat in terme van die Soneringskema hoofsaaklik vir algemene besigheid gesoneer is met die doel om ekonomiese aktiwiteit in 'n sakegebied en ontwikkelingskorridor te bevorder, en sluit in 'n wye verskeidenheid van grondgebruike soos besigheid, residensieël en gemeenskaps gebruike;

"**soneringskema**" die soneringskema van toepassing op die area en van krag in die jurisdiksiegebied van Matzikama Munisipaliteit.

(2) In hierdie Verordening, tensy die konteks anders aandui, het enige woord of uitdrukking waaraan die Wet 'n betekenis geheg het, daardie betekenis, saamgelees met die toepaslike Grondgebruikskemaregulasies.

"**sport-en gemeenskap-klubs**" 'n perseel of fasiliteit wat gebruik word vir die bymekaarkom van die gemeenskap of burgerlike organisasies of verenigings, sportklubs of ander sosiale of ontspanningsklubs wat meestal nie vir 'n wins bedryf word nie en mag insluit gemeenskapdiensklubs en gemeenskapsentrums of soortgelyke geriewe, maar sluit nagklubs uit;

"**verantwoordelike Bestuurder**" 'n bestuurder wat oorhoofse verantwoordelikheid sal neem vir die prosessering van dranklisensie aansoeke en appèlle;

"**verkoop**" voorsien, ruil, te koop aanbied, vertoon met die doel om te verkoop of die magtiging, instruksie of toelaat van 'n verkoping;

"**verkoopsure**" die tye waartydens 'n lisensiehouer toegelaat word om drank in terme van die Skedule te verkoop;

"**vonkelwyn**" 'n bruisende wyn as gevolg van die fermentasie van druiwe, hetsy deur natuurlike of kunsmatige prosesse, en sluit Champagne in;

"**Wet**" die Wes-Kaapse Drankwet, 2008 (Wet 4 van 2008);

"**wynmakery**" persele of fasiliteite wat gebruik word in die produksie van wyn en sodanige persele en fasiliteite sluit in fasiliteite vir die pars van druiwe en die fermentasie en veroudering van wyn, proekamers, wynvat- en stoorkamers, botteleringskamers, tenkkamers, laboratoriums of kantore en ander bybehorende of bykomstige fasiliteite wat verband hou met die produksie van wyn, wat mag insluit:

(a) restaurante en ander kosverskaffingsdienste; of

(b) bykomstige kleinhandelfasiliteite vir toere of besoekers

2. Doel van verordening

Die Munisipaliteit, wat optree ingevolge die magte wat in die Wet aan hom verleen word, aanvaar hierdie verordening met doel om die ure waartydens drank verkoop mag word en aangeleenthede wat daarmee verband hou, te reguleer.

Repealed

3. Toepassing van verordening

Hierdie verordening is van toepassing op alle persele, geleë binne die jurisdiksiegebied van die Munisipaliteit, waarop 'n besigheid handel dryf met drank:

(a) Dié wat drank aan die publiek verkoop vir verbruik op 'n gelisensieerde perseel;

(b) Dié wat drank aan die publiek verkoop vir verbruik vanaf 'n gelisensieerde perseel; en

(c) Dié wat drank aan die publiek verkoop vir verbruik op en vanaf 'n gelisensieerde perseel.

4. Publieke deelname en pligte van die Munisipaliteit

(1) Met ontvangs van 'n afskrif van die aansoek om drank te verkoop van die aangewese drankbeampte ingevolge Artikel 37(4) van die Wet, en om te voldoen aan die vereistes van Artikel 40 van die Wet, moet die Munisipaliteit:

(a) toelaat dat die publiek insae het tot die aansoek deur 'n afskrif van die aansoek op alle munisipale kennisgewingborde aan te bring, en

(b) afskrifte van sodanige aansoek, teen betaling van 'n fooi soos van tyd tot tyd deur die Munisipaliteit bepaal, beskikbaar stel wanneer dit deur 'n lid van die publiek versoek word; en

(c) onderhewig aan subartikel (2), die wyksraadslid in wie se wyk die voorgestelde perseel geleë is, instruksie gee om geskrewe kommentaar te lewer.

(2) Die wyksraadslid wat volgens subartikel (1)(c) 'n instruksie ontvang moet binne 7 dae:

(a) 'n wykskomiteevergadering belê om die wykskomiteelede se sieninge met betrekking tot die aansoek wat die aansoeker by die Drankraad ingedien het, te verkry;

(b) 'n konsulterende vergadering met die gemeenskap van die gebied, binne 'n 100 meter radius vanaf die perseel wat in proses is om geregistreer te word, belê om hul sieninge met betrekking tot die aansoek wat die aansoeker by die Drankraad ingedien het, te bespreek en te verkry;

(c) 'n verslag saamstel en by die Direkteur Korporatiewe Dienste indien waarin uiteengesit is die datums van die vergaderings genoem in subartikels (2)(a) en (b), die tyd van die vergaderings, die oorspronklike bywoningsregister met die name en adresse van die mense wat dit bygewoon het en wat aandui of hy of sy beswaar gemaak het teen die aansoek of dit aanbeveel en watter bykomende voorwaardes, indien enige, hy of sy voorstel; en

(d) die notules van die vergaderings genoem in subartikels (2)(a) en (b) aanheg.

(3) Die Munisipaliteit moet binne 7 dae na ontvangs van die verslag van die wyskraadslid, so 'n verslag oorweeg en aan die Drankraad, binne die voorgeskrewe tydperk die dokumente ingevolge Artikel 40 van die Wet, indien.

(4) Vir die doel van oorweging van die verslag volgens subartikel (3), mag 'n beampte 'n ondersoek onderneem of sodanige inligting versoek as wat hy of sy nodig mag ag vir oorweging deur die Munisipaliteit, en moet sy of haar bevindinge aan die Munisipaliteit voorgelê word.

(5) Vir die doel van oorweging van die verslag volgens subartikel (3), mag 'n beampte 'n ondersoek onderneem of sodanige inligting versoek as wat hy of sy nodig mag ag vir oorweging deur die Owerheid, en moet sy of haar bevindinge aan die Owerheid voorgelê word.

Repealed

5. Handelsdae en -ure vir die verkoop en gebruik van drank op gelisensieerde persele

(1) 'n Lisensiehouer mag drank vir gebruik op die gelisensieerde perseel verkoop gedurende die weeksdae en handelsure, soos uiteengesit is in die Skedule en deur die Munisipaliteit van tyd tot tyd hersien word.

(2) Ondanks subartikel (1) mag 'n hotel of gastehuis akkommodasie-instelling wat gelisensieerd is om drank te verkoop, 'n kamerdiens fasiliteit op enige tyd van die dag aanbied.

(3) Ondanks die bepalings van hierdie verordening, mag 'n lisensiehouer soos bedoel in subartikel (1), vonkelwyn bedien:

(a) van 08h00 tot 23h00 vir sewe dae 'n week; en

(b) as deel van 'n maaltyd; en

(c) aan gaste wat deel is van 'n georganiseerde funksie waar toegang beheer word.

6. Handelsdae en -ure vir die verkoop van drank vir gebruik vanaf gelisensieerde persele

'n Lisensiehouer mag drank vir gebruik vanaf die gelisensieerde perseel verkoop gedurende die weeksdae en handelsure, soos uiteengesit is in die Skedule en deur die Munisipaliteit van tyd tot tyd hersien word.

7. Oorgangsbepalings

(1) Onderhewig aan die bepalings van die Wet, sal die handelsure van toepassing op 'n dranklisensie wat uitgereik is voor die inwerkingtreding van hierdie verordening, voortgaan om van toepassing te wees totdat daardie lisensie in terme van die Wet hernu is.

(2) Die handelsure waarna in subartikel (1) verwys word sal geldig wees totdat die lisensie verval ingevolge Artikel 62(2) van die Wet.

8. Plaasvervangende aanspreeklikheid

(1) Indien die bestuurder, agent of werknemer van 'n lisensiehouer drank in stryd met Artikel 5 en 6 van hierdie verordening verkoop, word dit geag dat die lisensiehouer die drank verkoop het, behalwe waar:

(a) die lisensiehouer sodanige verkoping nie toegelaat of daartoe ingestem het nie; en

(b) die lisensiehouer sodanige stappe geneem het om die verkoping te voorkom as waartoe hy of sy redelikerwys in staat was; en

(c) die verkoping nie binne die omvang van die werk of magte van die bestuurder, agent of werknemer geval het nie.

(2) Die feit dat 'n lisensiehouer instruksies uitgereik het om sodanige verkoping te verbied, is nie op sigself voldoende bewys dat hy of sy die nodige stappe geneem het soos benodig deur subartikel (1) (b) nie.

(3) Wanneer 'n lisensiehouer ingevolge subartikel (1) aanspreeklik is, is die bestuurder, agent of werknemer ook daarvoor aanspreeklik asof hy of sy die lisensiehouer was.

9. Appèl

(1) Die Appèltribunaal moet enige appèl teen 'n besluit van die Owerheid in terme van Artikel 20(3) van die Wet of 'n aansoek vir die hersiening van die besluit, oorweeg;

(2) 'n Aansoeker of belanghebbende en geaffekteerde party wat veronreg is deur 'n besluit van die Owerheid mag, binne die voorgeskrewe tydperk, na ontvangs van die redes vir die besluit van die Owerheid, 'n kennisgewing van appèl of hersiening soos voorgeskryf, by die Owerheid indien.

Repealed

10. Strafbepalings

(1) ’n Lisensiehouer wat Artikel 5 en 6 van hierdie verordening oortree, is skuldig aan ’n misdryf.

(2) ’n Lisensiehouer wat ’n misdryf pleeg waarna verwys word in subartikel (1), is by skuldigbevinding aanspreeklik vir ’n boete soos wat die hof mag goeddink om op te lê of vir ’n termyn van gevangenisstraf van hoogstens drie jaar of vir beide sodanige boete en gevangenisstraf.

(3) Enige persoon wat ’n voordurende misdryf pleeg sal skuldig wees aan ’n misdryf vir elke dag wat daardie persoon versuim om aan hierdie verordening te voldoen.

(4) ’n Hof wat ’n persoon skuldig aan ’n misdryf ingevolge hierdie verordening bevind, mag ’n alternatiewe vonnis in die plek van ’n boete of gevangenisstraf oplê.

11. Herroeping

Die bepalings van enige verordeninge voorheen deur die Munisipaliteit aanvaar of deur enige van die afgeskafte munsipaliteite wat nou deel is van die Munisipaliteit se area, word hierby herroep vir sover dit verband hou met aangeleenthede waarvoor hierdie verordening voorsiening maak.

12. Kort titel en inwerkingstreding

Hierdie verordening heet die Verordening insake handelsdae en -ure van drank van Matzikama Munisipaliteit (4/2012) en tree in werking op die datum van publikasie daarvan in die Provinsiale Koerant.

SKEDULE

A	**Lisensie in terme van Artikel 33(a) van die Wet vir die mikro vervaardiging en verkoop van drank vir gebruik op en vanaf persele**		
		HANDELSDAE- EN URE	
	1. Kleinhoewes of landelike areas	**Gebruik op perseel**	**Gebruik vanaf perseel**
	Kelders / wynmakers / tuis distilleerders / wynboetieks	11:00-23:00 Maan - Don 11:00-02:00 Vry - Sat	08:00-20:00 Maan - Vry 08:00-17:00 Sat

Repealed

A	**Lisensie in terme van Artikel 33(a) van die Wet vir die mikro vervaardiging en verkoop van drank vir gebruik op en vanaf persele**		
	2. Nywerheidsones		
	Kelders / wynmakers / tuis distilleerders / wynboetieks	11:00-20:00 Maan - Don 11:00-02:00 Vry - Sat	08:00-20:00 Maan - Vry 08:00-17:00 Sat
B	**Lisensie in terme van Artikel 33(b) van die Wet vir die verkoop van drank vir gebruik op die perseel**		
	1. Residensiële areas	**Gebruik op perseel**	
	Kroeg / bar / taverne	08:00-20:00 Maan - Vry 08:00-17:00 Sat	
	Gastehuise / “backpacker’s” / loseerplekke (of konferensiefasiliteite / byeenkomstes / funksie sentrums ingesluit is of nie)	10:00-02:00 Maan - Son	
		10:00-00-00 Maan - Son	
	Hotel / casino	24 uur elke dag van die week	

Repealed

A	**Lisensie in terme van Artikel 33(a) van die Wet vir die mikro vervaardiging en verkoop van drank vir gebruik op en vanaf persele**		
	2. Plaaslike omgewing en algemene sake-sentrums (besigheid gesoneerde area)		
	Kroeg / bar / taverne / restaurant / kroeg en eetplek	08:00-00:00 Maan - Sat 10:00-21:00 Son	
	Gastehuise / “backpacker’s” / loseer plekke (of konferensiefasiliteite / byeenkomstes / funksie sentrums ingesluit is of nie)	08:00-00:00 Maan - Sat 10:00-21:00 Son	
	Sport en gemeenskap sentrums / diensklubs / gerieffasiliteite (uitsluitend spesiale byeenkomste / tydelike lisensies)	08:00-00:00 Maan - Sat 10:00-21:00 Son	
	Nagklub / karaoke / plek van vermaaklikheid / diskoteke/ jazzklubs / gesellin agentskap	10:00-02:00 Maan - Sat	
	Hotel / casino	24 uur elke dag van die week	

Repealed

A	**Lisensie in terme van Artikel 33(a) van die Wet vir die mikro vervaardiging en verkoop van drank vir gebruik op en vanaf persele**		
	3. Nywerheidsones		
	Kroeg / bar / tavern / restaurant / kroeg en restaurant	08:00-04:00 Maan - Sat 10:00-22:00 Son	
	Nagklub / karaoke / plek van vermaaklikheid / discoteke/ jazzklubs / gesellin agentskap	10:00-04:00 Maan - Sat	
	Sport en gemeenskap sentrums / diensklubs / gerieffasiliteite (uitsluitend spesiale byeenkomste / tydelike lisensies)	08:00-02:00 Maan - Sat 10:00-22:00 Son	
	Hotel / casino	24 uur elke dag van die week	
	4. Klein hoewes of landelike gebiede		
	Kroeg / bar / tavern / restaurant / kroeg en eetplek	08:00-20:00 Maan - Don 08:00-00:00 Vry - Sat 10:00-20:00 Son	

Repealed

A	**Lisensie in terme van Artikel 33(a) van die Wet vir die mikro vervaardiging en verkoop van drank vir gebruik op en vanaf persele**		
	Gastehuise / “backpacker’s” / loseer plekke (of konferensiefasiliteite / byeenkomstes / funksie sentrums ingesluit is of nie)	08:00-00:00 Maan - Sat 10:00-02:00 Son	
	Sport en gemeenskap sentrums / diensklubs / gerieffasiliteite (uitsluitend spesiale byeenkomste / tydelike lisensies)	08:00-00:00 Maan - Sat 10:00-02:00 Son	
	Hotel / casino	24 uur elke dag van die week	
C	**Lisensie in terme van Artikel 33(c) van die Wet vir die verkoop van drank in kleinhandel vir gebruik vanaf die perseel**		
	1. Residensiële areas		**Gebruik vanaf perseel**
	Taverne / buiteverbruik verkoopfasiliteit)		08:00-20:00 Maan - Vry 08:00-17:00 Sat

Repealed

A	**Lisensie in terme van Artikel 33(a) van die Wet vir die mikro vervaardiging en verkoop van drank vir gebruik op en vanaf persele**		
	2. Plaaslike omgewing en algemene sake-sentrums (besigheid gesoneerde area)		
	Drankwinkels / gespesialiseerde wynwinkels / kleinhandel voedselwinkels / buiteverbruik verkoopfasiliteit)		08:00-20:00 Maan - Vry 08:00-17:00 Sat
	Groothandelaar		08:00-17:00 Maan - Sat
	3. Nywerheidsones		
	Drankwinkels / gespesialiseerde wynwinkels kleinhandel voedselwinkels / “koop en loop” (buiteverbruiksfasiliteit)		08:00-20:00 Maan - Vry 08:00-17:00 Sat
	Groothandelaar		08:00-17:00 Maan - Sat

Repealed

A	**Lisensie in terme van Artikel 33(a) van die Wet vir die mikro vervaardiging en verkoop van drank vir gebruik op en vanaf persele**		
D	**Lisensie in terme van Artikel 33(d) van die Wet vir die verkoop en gebruik van drank op en vanaf die perseel**		
		Gebruik op perseel	**Gebruik vanaf perseel**
	Buitengewone omstandighede	10:00-00:00 Maan - Don 10:00-02:00 Vry - Sat 10:00-22:00 Son	09:00-20:00 Maan - Vry 08:00-14:00 Sat
E	**Lisensie in terme van Artikel 33(d) van die Wet vir die verkoop en gebruik van drank op en vanaf die perseel by spesiale byeenkomstes**		
		Gebruik op perseel	**Gebruik vanaf perseel**
	Konsert / fees / sport gebeure / vermaaklikheids geleentheid (soos bepaal deur die geleentheidspermit en / Drank tribunaal	10:00-23:00 Maan - Don 10:00-00:00 Vry - Sat 10:00-20:00 Son	08:00-20:00 Maan - Vry 08:00-17:00 Sat

Repealed

A	**Lisensie in terme van Artikel 33(a) van die Wet vir die mikro vervaardiging en verkoop van drank vir gebruik op en vanaf persele**		
F	**'n Tydelike lisensie in terme van Artikel 33(f) van die Wet of die verkoop van drank vir gebruik op en vanaf die perseel by spesiale byeenkomstes**		
		Gebruik op perseel	**Gebruik vanaf perseel**
	Die dae en ure sal dieselfde wees soos in hierdie skedule vervat, afhangende van die soort lisensie en die ligging van die geleentheid waarvoor aansoek gedoen word.		
	Let wel: Bepaling van toepaslike ligging kategorie. Waar die ligging kategorie soos hierbo uiteengesit, onduidelik of in dispuut is of moeilik is om die areas wat nie soortgelyk gesoneer is nie te bepaal (bv. 'n sake gesoneerde perseel in die middel van 'n residensieel gesoneerde area). Die werklike sonering van die betrokke gelisensieerde perseel sal voorkeur geniet ten einde die kategorie te bepaal.		